# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 24 JULIE 2022

**Afskeidspreek ds. Why Duvenhage (1 Kor. 2:1-5 )**

09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Why Duvehage (3)

**Familiediens** om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Johan Visser

**Bevestiging ds. Marius Schoombie**

18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Marius Schoombie (9)

Die meditatiewe diens hervat op Sondag 31 Julie om 09:00 in die kapel.

## SKATTEMARK | 30 JULIE

Kom kuier saam op Saterdag 30 Julie vanaf 10:00 tot 14:00 en spoor 'n paar skatte van onskatbare waarde op.

- Meer as 60 uitstallers kom hulle gebruikte, maar bruikbare items uitstal.
- Die jongspan het ook geleentheid om die tyd te verwyl deur hulle eie kerse te maak.
- 'n Lekker verskeidenheid eetgoed soos pizzas, worsbroodjies, koffie, lekkergoed en springmielies sal te koop wees. Die ou bekende *Tastebuds*-koswaentjie sal ook lekkernye verkoop.
- Aankope slegs kontant.

Dit beloof om 'n heerlike uitstappie vir die hele gesin te wees.

## 'N AAND SAAM MET MARION HOLM

Donderdag 18 Augustus om 19:00 in die kleinsaal. Kom geniet 'n aand vol humor en inspirasie en boonop 'n ete teen slegs R200 per persoon saam met die bekende Marion Holm. Kaartjieverkope is ten bate van MES Kaapstad. Kaartjies te koop by Anneke, anneke@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

**KONTAK ONS**

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

**GEBEDSVERSOEKE**

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

**ASEMSKEP-GEBEDSGROEP**

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

**DEUROFFERS**

MES Bellville

MES werk voltyds met hawelose mense in die stadskern van Bellville. Hulle bied 'n verskeidenheid dienste o.a sopkombuise vir hawelose mense aan.

## TAFELGESPREKKE VIR BESIGE FAMILIES

Lukas 19:1-10 #KykAnders #Leef anders

Kom een aand rustig as gesin bymekaar en doen die volgende:

- Steek 'n kers aan en sê dankie dat die Here by julle is en vir julle sorg.
- Elkeen deel: Wat was jou hoogte- en laagtepunte van die week?
- Lees die Bybelgedeelte of die storie uit 'n Kinderbybel.
- Dink na oor en vertel van 'n keer toe jy iets nuuts probeer, of uit jou gemaksone gevoel het.
- Hoe dink jy het Saggeus in die skare gevoel?
- Hoekom dink jy het Saggeus in die boom geklim?
- Hoe help die teks ons om anders na die wêreld te kyk en dan anders te leef?

Gebed: Jesus , help ons om ander lief te hê, soos U ons liefhet! Amen.

## JACO STRYDOM BESOEK STELLENBERG

Jaco Strydom, bekende skrywer en teoloog, besoek die gemeente.

**Sondag 31 Julie 09:00 in die kerk** | Ds. Jaco Strydom preek tydens die oggenddiens.

**Dinsdag 2 Aug. 18:00 in die kleinsaal** | Boekbekendstelling

Deon Meiring gesels met Jaco Strydom oor sy nuwe boek, Alle sondaars welkom. Bring 'n piekniekmandjie met eetgoed saam. Wyn en koeldrank word voorsien. Bespreek jou plek deur op die skakel te kliek of die QR-kode te skandeer.

https://forms.gle/TAd4A1i8SRwBBHNv6

**Woensdag 3 Aug. 18:30 in die kleinsaal** | 'n Gesprek met Jaco Strydom saam met jongmense van die gemeente. Almal tussen 19 en 35 jaar oud, asook diegene jonk van gees, word uitgenooi om die gesprek by te woon.

### KLEUTERKERK

09:00 in die grootsaal

### ANNIBRAND JUNIOR

Na die oggenddienste tot 10:45

Graad 1-3: kleinsaal

Graad 4-6: grootsaal

Graad 7: jeuglokaal

### ANNIBRAND SENIOR

Seniors woon die Relevantdiens om 18:00 in die kerk by en bly na die diens in die kerk agter waar ds. Schoombie met hulle sal gesels.

### NUWE LIDMATE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel is, meld asseblief na die erediens by een van die leraars aan, of kontak die kerkkantoor by 021 976 4519 / odette@stellenberg.co.za. Ons wil jou baie graag persoonlik in die gemeente verwelkom.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

## GEESTELIKE DAGSTUKKE

'n Kort geestelike boodskap word vir elke dag van die week, dwarsdeur die jaar deur die leraarspan beskikbaar gestel. Jy kan na die stem-boodskap luister op Youtube of die gemeente se webwerf, of dit daagliks op jou selfoon ontvang indien jy by die WhatsApp-groep aansluit. Die geskrewe teks is op die webwerf beskikbaar.

## ONTVANG JY ONS KORRESPONDENSIE?

Indien jy nie enige korrespondensie van die gemeente ontvang nie, kontak asseblief vir Odette by odette@stellenberg.co.za. Ons wil baie graag op gereelde basis met al ons lidmate kommunikeer.

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### EDELWEISS HUISDIENS

Sondag 24 Julie **17:30** in sitkamer

Genesis 28:10-22; 35:1- 6

Die Here is op hierdie plek!

### BYBELSTUDIE

Donderdag 28 Augustus om 15:00

Lukas 12: 13–21 In God se oë werk rykdom anders . . .

### BREIGROEP

Ontmoet weer op Maandag 8 Augustus om 09:30 in die markplein.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 slegs tydens skoolkwartale in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

## TEESKINKERS OP SONDAE

Ons benodig dringend helpers wat sporadies op Sondagoggende by die teetuin behulpsaam kan wees. Jy hoef slegs seker te maak dat die teekanne, melkbekers en suikerpotte gereeld gevul word. Geen opwas van koppies nie. Kontak asb. vir Anneke by 021 976 4159/ anneke@stellenberg.co.za indien jy kan help.

## VATVYF-KWARTAALPROGRAM

Die volgende byeenkomste word vir die derde kwartaal beplan. Vanaf 4 tot 6 September word 'n spesiale program met die oog op senior-week aangebied.

| | |
|---|---|
| Woensdag 24 Augustus | Ds. Johan Visser kom sing vir ons en deel sy storie. |
| Sondag 4 September | Erediens 09:00 met verversings daarna. |
| Maandag 5 September | Besoek Franschhoek-motormuseum. |
| Dinsdag 6 September | Praatjie oor Alzheimers deur prof. Niehaus. |

## FEESMARK 2022

- Die feesmark word vanjaar vanaf 17 Oktober tot 5 November aangebied.
- Aansoeke vir kassiere, pakkers en vloerbestuurders word ingewag.
- Belangstellendes kan Karen Visagie per e-pos kontak by feesmark@stellenberg.co.za

## EDELWEISS HUISWERKERS

Vrywilligers wat bereid is om een keer elke vyf weke die oggendgodsdiens van 15 minute vir Edelweiss se huiswerkers te lei, word benodig. Skakel / WhatsApp asseblief vir René van Deventer by 084 575 3100 indien jy kan help.

KONTAK ONS

021 976 4519

WHATSAPP

081 045 2428

E-POS

navrae@stellenberg.co.za

WEBWERF

www.stellenberg.co.za

STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.